

**Donderdag 6 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 11:33-36 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Romeine 11:36**

### **Aan God die eer**

In 'n loflied word alle eer aan God gebring vir ons verlossing in Jesus Christus. Dit het met gister se gedeelte in Romeine 3:21 duidelik geword dat die mens geen gronde ter versagting kan bied nie. Vir 'n oomblik gaan staan Paulus op die trappe van die hofsaal en bedink die verloop van die verrigtinge. Die mens is skuldig en verdien die dood. God bewys sy genade en die mens word vrygespreek. Dit alles is te groot vir die mens se beperkte verstand. God se weë is onnaspeurlik.

Selfs diegene wat nie wil glo nie, het geen verweer nie. Die diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God kan nie gemeet word nie. Niemand kan aan Hom raad gee of Hom 'n guns bewys nie. Van ewigheid tot ewigheid is God daar. "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge."

Daar bestaan baie dinge waaroor ons as mens ons kwel. Ons probeer die sin van die lewe, dood, lyding en siekte, onreg en vele ander verstaan. Ons het vrymoedigheid om selfs aanspraak te maak op God se beskerming en bewaring.

Dit is net deur geloof moontlik. Insteede daarvan om God te probeer inperk en te verstaan, behoort ons ons eerder te verlustig in sy werke. Nog voor die skepping het Hy al in sy almag besluit. Tot met die wederkoms sal alles geskied om Hom te verheerlik. In Sondag 7, Vraag 22 van die Heidelbergse Kategismus leer ons watter dinge nodig is om te glo. Aan God die eer!

*Sing: Skrifberyming 4-6*

*Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)*